## VAN STAMVERWANTE BODEM

Ten opsigte van die onderwerp *Stad en platteland in de Middeleeuwen* (prof. dr. W. Jappe Alberts) kom o.m. die volgende aspekte ter sprake: Hoekom en waaroor, wat is 'n stad, wat verstaan ons onder die platteland, die stedelike bestuur, die bestuur van die platteland, die daelikse lewe in 'n stad en op die platteland, wenke vir verdere studie. Met betrekking tot prof. dr. G. J. D. Aalders se werkie *De Romeinse Staat en het Christendom* kom, na die inleiding, o.m. die volgende onderwerpe te berde: Die verdraagsaamheid van die antieke politeïsme veral teenoor die Jode, die Jode in die Romeinse ryk, die houding van die staat teenoor vreemde godsdienste in Griekeland en Rome, die optrede van die Romeinse staat teen die Christene, die Christendom word staatsgodsdiens.

Ander deeltjies in hierdie reeks is o.m. *Rusland op weg naar de revolutie* (drs. H. G. Leih), *Vrije Vrouwen* (drs. J. Gorter), drs. C. Fischer se *Toetanchamon en zijn tijd*, *De moderne devotie* (dr. J. Roelink), C. M. H. Bosch se *George Washington*, *Nederlanders overzee* (dr. R. Reinsma), *Michelangelo* (W. A. Kattenberg), dr. K. de Vries, *De Middeleeuwse Friese vrijheid.*

Behalwe die reeds genoemde boekies is daar ook afsonderlike deeltjies met tekste, filmstrokies en los afbeeldings. In die Nederlandse vakkundige pers is die nuwe reeks sterk aanbeveel en o.i. kan almal wat in ons land met die onderrig van geskiedenis aan ons hoërskole belas is, gerus 'n aantal deeltjies uit hierdie reeks bestudeer. Die gemiddelde prys per deeltjie bedra ongeveer R0·40.

Reeds geruime tyd gee die *Vlaamse Toeristenbond*, Sint-Jakobsmarkt 45, Antwerpen, brosjures uit oor toeristiese en ander wetenswaardighede in België. Die jongste aanwinste op hierdie gebied is mgr. dr. Jozef van Brabant se geskrif *De O.L. Vrouwkatedraal Antwerpen* (32 bl., met afb.). Hierdie publikasie is, sowel geskiedkundig as kunshistories, belangrik en is van 'n literatuurlys voorsien. Ons vestig die leser se aandag slegs op Rubens se beroemde *Kruisafneming*, een van die menigvuldige kunsskatte wat in die kerk besigtig kan word waaraan vermoedelik van 1352 tot aan die begin van die 17de eeu gebou is. Nog 'n uitgawe in dieselfde reeks is die werkie *Het Campo Santo van Sint-Amandsberg* wat deur Roger de Backer en dr. Jozef van Overstraeten saamgestel is.

'n Gedeelte van die inhoud van die tydskrif *Circuit*, posbus 676, Den Haag, Nederland, is gewy aan die beroemde Nederlandse portretskilder Frans Hals en sy werke. 'n Aantal van die afbeeldings is in kleur. Die artikel is opgestel deur Ad Deen (*Circuit*, nr. 20 ,Des. 1967, pp. 12-17). In *Ons Amsterdam* (Des. 1967) verskyn op p. 361 'n afbeelding van 'n voormalige VOC-pakhuis. Dit vorm 'n deel van die bydrae *Prins Hendrikkade* 171 *en zijn buren* deur C. A. L. Sander.

Deur die Nasionale Inligtingssekretariaat, Lissabon, is dr. Salazar se toespraak *The policy in Africa and its errors* in pamfletvorm uitgegee. Dr. Salazar het hierdie toespraak by geleentheid van 'n ontvangs van verteenwoordigers van munisipaliteite van Mosambiek in Lissabon, op 30.11.1967, gehou. Die brosjure beslaan 14 bladsye.

Dr. H. Enno van Gelder en drs. Joh. S. Boersma is die samestellers van *Munten in muntvondsten* (Fibulareeks 36, Van Dishoeck, Van Holkema en Warendorf N.V., Bussum, Nederland), 'n publikasie waarin, na aanleiding van groter en kleiner vondste, 'n oorsig gegee word van munte wat in die loop van die tyd in die grond van die Nederlandse provinsies aangetref is. In dié verband is 'n aantal kaarte met vindplekke aan die teks toegevoeg. In 1966 is in die bodem van die dorpie Serooskerke in totaal 1,147 goue muntstukke gevind, wat volgens ondersoek omstreeks 1622 aan die skoot van die aarde toevertrou is. By uitgrawings in Arnhem in 1950 is 'n aantal

sierade en 285 silwer muntstukke gevind wat omstreeks 1190 aldaar gebêre is. In 1884-1886 is naby Steenwijk, noord van die IJssel, 237 Romeinse munstukke gevind wat van 145 v.C.-14 na C. dateer. Dit is slegs 'n paar voorbeelde van muntvondste wat in hierdie ryklik geïllustreerde publikasie beskrywe is, waarvan die prys ongeveer R1-40 bedra.

In dieselfde reeks het as nr. 34 J. C. Vleggeert se studie *Kinderarbeid in de negentiende eeuw* verskyn. Waar ons gewoonlik kinderarbeid met die opkoms van die industrialisasie in Engeland verbind, is dit nuttig om, met betrekking tot die vasteland van Europa, ook kennis te neem van die toestande wat op dié gebied in Nederland geheers het. In 1819 was daar 15,816 kinders (jonger as 12 jaar) in verskillende bedrywe werksaam. Die skrywer wys o.m. op die tewerkstelling van kinders in drukkerye, tekstielfabrieke, erdewerkfabrieke, steenbakkerye, glasfabrieke, sigarefabrieke, e.d.m. Hulle wat kinderarbeid wou afskaf of verminder, het 'n moeilike stryd gevoer. Waar Ferdinand Domela Nieuwenhuis reeds in 1889 'n verbod vir alle kinderarbeid onder 15 jaar bepleit het, is, aldus die skrywer, eers in 1955 'n werkverbod tot 14 jarige leeftyd vir dogters en in 1965 vir seuns ingestel. Kinderarbeid en die menigvuldige euwels wat daarmee gepaard gegaan het, loop dus aanmerklik verder deur as wat sekere boeke oor die onderwerp die leser laat vermoed. Reeds op grond hiervan kan hierdie publikasie aanbeveel word.

In die Vlaamse tydskrif *De Toerist* van 11.1.1968 kom 'n lesenswaardige artikel van die hand van Paule Breesch oor die verlede en die kunsskatte van die Griekse eiland Rhodos voor. As gevolg van sy strategies belangrike ligging, het die eiland dikwels van besitter verwissel. Nadat die ridders van die orde van St. Jan die eiland meer as 200 jaar besit het, het dit in 1522 in Turkse hande oorgegaan. In 1912 is die eiland deur Italië verower en in 1947 aan Griekeland gegee. Die Italiaanse besetters het alles in hul vermoë gedoen om die kulturele besit van Rhodos in al sy glorie te laat herlewe. Die skrywer is van oordeel dat hulle, met betrekking tot restourasie e.d.m., dikwels uitstekende resultate verkry het.

Die *Deutschland Revue* van die laaste kwartaal van 1967 staan in die teken van museums in die Bondsrepubliek, maar dan museums wat mens gewoonlik nie verwag nie soos die Duitse perdemuseum (Verden, naby Bremen), die Duitse museum van speelkaarte (Bielefeld), die Duitse leermuseum (Offenbach, met o.m. 'n tas van keiser Napoleon I), die Duitse trapfietsmuseum (Neckarsulm) en die Zeppelinmuseum (Friedrichshafen). Dit is slegs 'n paar voorbeelde uit 'n voortreflike uitgevoerde en besonder leersame nommer van bogenoemde tydskrif.

'n Groot gedeelte van die inhoud van nr. 14 van die *A.A.G. Brijdragen*, 'n tydskrif wat deur die afdeling agrariese geskiedenis van die Landbouwhogeschool, Wageningen, Nederland, uitgegee word, is gewy aan 'n beskrywing van die agrariese beleid van die V.O.C. in die suidwestelike deel van Ceylon (tydperk 1743-1767). Op p. 5 kom, met betrekking tot goewerneur Gustaaf Willem Baron van Imhoff, die uitspraak voor dat hierdie goewerneur sowel die belange van die eilandbewoners van dié van die V.O.C. wou behartig en in dié verband verskillende voorstelle gedoen het wat tydens sy bewind en onder sy opvolgers gedeeltelik verwesenlik is. Die titel van hierdie bydrae is *Agrarian policies of the Dutch in South-West Ceylon*, 1743-1767; die skrywer D. A. Kotelawele.

Dr. J. Ploeger.